2018/03/13
08:36 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/03/13	DATUM 2018/03/12			+ - LAST WEEK 2018/03/05	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	*Data*
DJIA-index	25179	-157.13	-0.6%	25336	2.6%	24538
Goud (Spot)	1320.34	-2.88	-0.2%	1323.22	-0.5%	1326.58
Brent $/vat	64.94	-0.64	-1.0%	65.58	0.5%	64.61
1 € / US$	1.2327	0.001	0.1%	1.2314	0.0%	1.2324
1 US$ / ZAR	11.82	-0.010	-0.1%	11.83	-1.4%	11.99
Corn	R 1 814.78	8	0.4%	R 1 807.00	*CBOT Corn Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 106.36	28	1.4%	R 2 078.02	* CBOT Wheat Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 474.93	9	0.2%	R 4 465.81	* CBOT Soy Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day	

BY DIE GELD PUT OPSIE	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 057.00	R 2 133.00
PUT TREFPRYS	R 2 060.00	R 2 140.00
PUT PREMIE	R 110.92	R 106.34
MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 949.08	R 2 033.66

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)

					Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein	
Corn May 18	390.00	2.00	0.5%	388.00		
Wheat May 18	490.00	7.00	1.4%	483.00		
Soybeans May 18	1041.00	3.00	0.3%	1038.00		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Mar '18	3150.00	0.00	0.0%	3150.00	3592.42	1727.23
WMAZ Spot	1953.00	13.00	0.7%	1940.00	3772.75	1550.60
WMAZ May 18	2015.00	16.00	0.8%	1999.00	3337.09	1668.56
WMAZ Jul 18	2056.00	7.00	0.3%	2049.00	3370.07	1700.89
YMAZ Spot	2048.00	3.00	0.1%	2045.00	3229.11	1550.60
YMAZ May 18	2104.00	10.00	0.5%	2094.00	3337.09	1668.56
YMAZ Jul 18	2133.00	8.00	0.4%	2125.00	3370.07	1700.89
SOY Spot	4541.00	-98.00	-2.1%	4639.00	6263.78	4123.48
SOY May 18	4631.00	-98.00	-2.1%	4729.00	6522.81	4264.73
SUN Spot	4800.00	-50.00	-1.0%	4850.00	5747.01	4006.17
SUN May 18	4716.00	-31.00	-0.7%	4747.00	6522.81	4264.73
WHEAT Spot	3640.00	5.00	0.1%	3635.00	4080.88	1661.38
WHEAT May 18	3697.00	-5.00	-0.1%	3702.00	4994.83	2452.11
WHEAT Jul 18	3740.00	-15.00	-0.4%	3755.00	5065.18	2521.07

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

WEEK NR.	MIELIE UITVOERE WM	YM	TM
44			
WEEK TOTAAL	9 487	5 185	14 672
JTD TOTAAL	609 912	1 392 424	2 002 336
UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	24%	75%	46%
TEMPO/WEEK BENODIG	236 261	57 197	293 458
	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL	2 589	1 652	4 241
JTD TOTAAL	9 618 276	6 487 754	16 106 030
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
% GELEWER VAN OES	100%	101%	100%
TEMPO /WEEK BENODIG	3 059	-4 563	-1 504
	KORING INVOERE		
	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	90 094	66 158	38 182
JTD TOTAAL	1 073 000	357 200	707 643
TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 622 999
JTD AS % VAN BENODIG	54%	38.4%	44%

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R11.82/$ wat byna onveranderd is vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die rand het goeie ondersteuning gevind om weer te verstrek vanaf die vlakke waarteen dit verlede week verhandel het nadat die plaaslike BBP syfers vir 2017 positief was. Statistiek SA het verlede week die plaaslike BBP syfers vir 2017 bekend gemaak en die plaaslike ekonomie het gedurende 2017 met 1.3% gegroei wat beter was as die gemiddelde verwagtinge en ook beter as die 2016 groeikoers. Hierdie word die mynbou en vervaardigingsektor se produksie uitset data vir Januarie bekend gemaak. Die verwagting in die mark is dat beide hierdie sektore beter gevaar het in Januarie as gedurende Desember en dat dit positief sal wees vir 2018 se eerste kwartaal ekonomiese groei. Die Suid Afrikaanse grootmaat uitvoere syfers vir Februarie is gister bekend gemaak en die grootmaat uitvoere het met 4.3% toegeneem gedurende Februarie wat aansienlik laer was as die Januarie toename wat 'n rekord 54.6% gegroei het. Meeste van die grootmaat uitvoere wat gedurende Januarie gerapporteer was is steenkool en ystererts wat meestal na Sjina toe uitgevoer was.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel in beide die Mei en Julie kontrakte. Die ondersteuning in die mark is grootliks as gevolg van die positiewe uitvoer inligting wat deur die USDA bekend gemaak was vir die week. Daar is ook 'n toename in die produsente verkope wat in die VSA gesien word en dit hou die spot basis premies redelik onder druk in groot gedeeltes van die lokaliteite in die Midde weste. Privaat uitvoerders het gister twee groot uitvoerverkope aan die USDA gerapporteer waaronder ongeveer 250 0000 ton aan Japan is en ongeveer 106 000 ton aan onbekende bestemmings. Beide hierdie verkope is vir lewering in die huidige 2017/18 seisoen. Die weeklikse uitvoerinspeksies wat deur die USDA gerapporteer is, toon aan dat die weeklikse uitvoere ongeveer 1.37 miljoen ton beloop het was aansienlik meer is as die gemiddelde handelsverwagtinge vir die week asook heelwat meer as die vorige week se uitvoere wat gerapporteer was. Japan was die grootste aankoper van Amerikaanse mielies vir die week. Suid Korea het 137 000 ton mielies in 'n internasionale tender gekoop wat verkry sal word vanaf die VSA of Suid Amerika. Dit is tesame met nog aankope van ongeveer 205 000 wat hulle verlede week op 'n internasionale tender aangekoop het. Daar is die laaste tyd 'n ondersteunende faktor in mark met invoerders wat meer mielies begin koop as gevolg van spekulasie dat die internasionale pryse verder kan ondersteuning vind in die komende paar maande. China het aangekondig dat hul verwerkingskapasiteit verlede jaar met ongeveer 305 vergroot het in 'n poging om die etanol produksie uit te brei en hulle staatsreserwes minder te maak. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies. Die prysbewegings in die mark was relatief klein gewees.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonpryse het gister ondersteuning gevind en het die week op 'n positiewe noot begin nadat dit Vrydag skerp onder druk gekom het. Die ondersteuning in die mark is hoofsaaklik as gevolg van die sterk koopkrag wat in die mark gesien was met die pryse wat beskou word as goeie koop vlakke. Die Amerikaanse uitvoere het ook bygedra tot die ondersteuning in die pryse. Alhoewel verlede week se weeklikse uitvoere laer was as die vorige week se uitvoere was dit steeds aan die hoë kant van die week se handelsverwagtinge. Die weeklikse uitvoere was op ongeveer 1.015 miljoen ton gerapporteer en dit is effens hoër as die gemiddelde tempo wat benodig word om aan die jaarlikse USDA skatting te voldoen. Sjina was weereens die grootste koper van Amerikaanse sojabone vir die week. Die sojaboonmeel uitvoere na China kan moontlik verdubbel hierdie seisoen en ongeveer 2 miljoen ton bereik hoofsaaklik as gevolg van die laer sojaboon produksie in Argentinië en gevolglik laer sojaboonmeel produksie. Die laer produksie van sojabone in Suid Amerika maak lande soos China meer afhanklik van invoere vanaf die VSA, maar daar is tans heelwat onsekerhede in die mark en wat die impak van die onlangse veranderinge in die tariefstrukture vir invoere van staal en aluminium op die ander markte sal hê aangesien daar moontlik 'n handelsoorlog dreig tussen die verskillende lande. **Plaaslik:** Die plaaslike oliesaad mark het gister skerp onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag. Beide die sojaboon en sonneblomsaad mark het gister vir die dag skerp laer gesluit met die internasionale pryse wat skerp onder druk was en die pryse ook onder druk geplaas het.

Koring: Die Amerikaanse koring markte het gister ondersteuning gevind en al die koringmarkte het van Vrydag se verliese in die mark weer opgemaak gister. Die koringmarkte was hoofsaaklik ondersteun deur kopers wat hul kort posisies in die mark wou minder maak asook die uitvoer data vir die week was relatief positief was. Die weeklikse koring uitvoere wat gerapporteer was, was ook aan die boonste punt van die week se handelsverwagtinge en was op 389 179 ton gerapporteer. Dit is egter slegs effens laer as die vorige week se uitvoere van ongeveer 400 000 ton. Die grootste koper van Amerikaanse koring vir die week was die Filippyne gewees. In ander in- en uitvoere oor die wêreld het Suid Korea ongeveer 59 000 ton koring aangekoop in 'n internasionale tender vanaf opsionele oorsprong vir lewering in Mei 2018. Die hoofokus hierdie week in die internasionale koringmarkte sal grootliks op die weerstoestande wees met die USDA se nuutste produksie vorderingsverslag wat aantoon dat die winterkoring se produksie toestande in groot gedeeltes van die land nie so goed lyk nie. Die toestande in Kansas is laer aangepas in die goed tot uitstekende kerf en hoë aangepas in die swak tot baie swak kerf. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel, maar meestal in 'n syaartse rigting en daar was nie groot prysbewegings gesien nie. Daar is tans onsekerheid in die mark rakende wanneer die invoer tarief afgekondig sal word na die nuwe vlak van R394/ton vanaf die huidige R716/ton. Hierdie week is week 4 vandat die tarief laer getrigger het middel Februarie.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Michelle Mokone en Luan van der Walt* / ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.